



**basic education**

Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**PUNTE**

**JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2013  
GRAAD 4 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL  
TOETS**

**PUNTE: 50**

**TYD: 1½ UUR**

**PROVINSIE** \_\_\_\_\_

**STREEK** \_\_\_\_\_

**DISTRIK** \_\_\_\_\_

**NAAM VAN SKOOL** \_\_\_\_\_

**OBIS-NOMMER (9 syfers)**

--	--	--	--	--	--	--	--	--

**KLAS (bv. 4A)** \_\_\_\_\_

**VAN** \_\_\_\_\_

**NAAM** \_\_\_\_\_

**GESLAG (✓)**

**SEUN**

**DOGTER**

**GEBORTE DATUM**

C	C	Y	Y	M	M	D	D
---	---	---	---	---	---	---	---

**Hierdie toets bestaan uit 16 bladsye, die voorblad uitgesluit.**

### Instruksies aan die leerder

1. Lees al die instruksies noukeurig deur.
2. Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien word.
3. Die toets duur 1½ uur.
4. Die onderwyseres sal jou deur die oefenvoorbeelde lei voordat jy met die toets begin.
5. Skryf netjies en leesbaar.

### Oefenvoorbeelde

1. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Wat is kool?

- A 'n vrug
- B 'n groente
- C 'n wortel
- D 'n bessie

Jy het die vraag korrek beantwoord as jy **B** omkring het.

2. Skryf die korrekte antwoord in die spasie.


Johan is 'n seun en Marie is 'n\_\_\_\_\_

Jy het die vraag korrek beantwoord as jy die woord "dogter" ingevul het.

**Die toets begin op die volgende bladsy.**

## AFDELING A: BEGRIPTOETS

Lees die leesstuk hieronder en beantwoord vrae 1–14.



Eendag het twee klein, grys muisies na 'n groot, sterk leeu gekyk wat in die son geslaap het. "Hardloop oor sy neus," het die een gesê. "Kyk of hy wakker word!"

Die verspote, klein muisie het oor die leeu se neus gehardloop en wat het toe gebeur? Natuurlik het die leeu wakker geword en die muis met sy groot poot gevang.

Die reuseleeu was ontsteld en van plan om die klein muisie te eet. "Ag, asseblief, moet my nie eet nie, leeu," het die verskrikte muis gepleit. "Eendag sal ek jou help!"

Die leeu het gelag. "Jy? Jy is te klein om enige iemand te help, pieperige muisie! Jy kan my nie help nie!" Leeu was nie regtig honger nie, en het muis losgelaat.

Kort daarna het die leeu in die veld gehardloop. Skielik het hy in 'n strik beland. Jagters het dit gestel om 'n bok te vang. Dit was 'n groot net en die leeu is vinnig gevang. Hy kon nie beweeg nie, maar hy kon nog brul.

"Help! Help! Help!" het hy gebrul. "Red my uit hierdie strik."

'n Bok het verbygehoop. "Ek sal jou nie help nie," het die bok gesê. "Verlede week het jy my broer geëet."

'n Hasie het verbygehoop. "Ek sal jou nie help nie," het die hasie gesê. "Verlede week het jy my ma geëet."

Toe het die klein, grys muisie verbygehardloop. "Jy het my nie verlede week geëet nie," het sy gesê. "Ek sal jou help."

Die klein, grys muisie het toe aan die net begin kou. Sy het gekou en gekou en gekou. Laat die middag was die gat in die net groot genoeg vir die leeu om uit te klim.

"Dankie, klein vriendjie. Nou weet ek dat selfs klein diertjies groot diere soos ek kan help," het die leeu gesê.

1. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Wat is die beste titel vir die storie?

- A Die Klein Grys Bokkie
- B Die Leeu en die Wolf
- C Die Muis en die Hasie
- D Die Leeu en die Muis

(1)

2. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Wie is die hoofkarakter in die storie?

- A jagter
- B hasie
- C leeu
- D bokkie

(1)

3. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Waar vind die storie plaas?

- A veld
- B dieretuin
- C bos
- D hondehok

(1)

4. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Hoe het die leeu uit die strik gekom?

- A Die leeu het homself bevry deur die toue te kou.
- B Die leeu het homself bevry deur aan die toue te trek en hulle te breek.
- C Die leeu het die toue losgemaak en homself uit die strik bevry.
- D Die muis het die toue afgekou en die leeu bevry.

(1)

5. Maak 'n regmerk (✓) om aan te dui of die stelling Waar of Onwaar is.

5.1 Die leeu het die hulp van die muis nodig gehad.

Waar	Onwaar
------	--------

(1)

5.2 Gee 'n goeie rede vir jou antwoord.

---

---

(1)

6. Beantwoord die volgende vraag:

Wat het die klein, grys muisie gedoen om die leeu wakker te maak?

---

---

(1)

7. Beantwoord die volgende vraag in 'n volsin:

Wat het met die muis gebeur toe die leeu wakker geword het?

\_\_\_\_\_ (1)

8. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Watter les het jy uit die storie geleer?

A Klein diertjies kan nie groot diere help nie.

B Jy moet alle diere versorg.

C Grootte is nie altyd belangrik nie.

D Klein vriende maak nie goeie vriende nie. (1)

9. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Watter dier is nie in die storie nie?

A bok

B leeu

C muis

D olifant (1)

10. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Hoe dink jy het die leeu gevoel toe hy in die strik was?

A gelukkig

B kwaad

C vrolik

D bly (1)

11. Onderstreep die korrekte antwoord tussen hakies.

Daar was (baie, veel) leeus in die woud. (1)

12. Onderstreep die korrekte vorm van die werkwoord tussen hakies.

Die klein muisie het oor die leeu se neus (hardloop/gehardloop). (1)

13. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Vind 'n woord in die leesstuk wat dieselfde beteken as "pieperig".

A groot

B bang

C sterk

D klein

(1)

14. Skryf die volgende sin in die verlede tyd oor.

Die leeu hardloop in 'n strik.

Gister \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_.

(1)

Lees die advertensie hieronder en beantwoord vraag 15-22.

# FEVERDOL VIR KINDERS

Medisyne wat pyn en koors stop



Tandpyn  
Hoofpyn  
Oorpyne  
Verkoue en Griep



**Hou buite bereik van kinders**



# FEVERDOL

**4+ JAAR**

Vir die verligting van pyn en koors by kinders van vier jaar en ouer

Alkoholvry en suikervry

Skud die bottel deeglik voor gebruik



15. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Hoe oud moet kinders wees om die medisyne te drink?

A 4+ jaar

B 3 jaar

C 2 jaar

D 1 jaar

(1)

16. Voltooi die sin deur die woord wat weggelaat is, in te vul.

Feverdol bevat nie alkohol en \_\_\_\_\_ nie.

(1)

17. Voltooi die sin.

Hoe help die medisyne siek kinders?

Feverdol stop \_\_\_\_\_

(1)

18. Maak 'n regmerk(✓) om aan die dui of die stelling Waar of Onwaar is.

18.1 Ouers moet medisyne buite bereik van kinders hou.

Waar	Onwaar
------	--------

(1)

18.2 Gee 'n goeie rede vir jou antwoord.

---

---

(1)

19. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Watter medisyne word geadverteer?

- A Feverdol
- B Everdol
- C Vicks
- D Panado

(1)

20. Skryf jou antwoord in die oop spasie.

20.1 Verbind die  **twee**  sinne met mekaar deur die woord "en" te gebruik.

Feverdol stop pyn. Feverdol stop koors.

---

---

(1)

20.2 Verbind die  **twee**  sinne met mekaar deur die woord "want" te gebruik.

Hou medisyne buite bereik van kinders. Dit is gevaarlik.

---

---

(1)

21. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Gebruik die regte voorsetsel.

Die medisyne is ... kinders.

A van

B vir

C aan

D by

(1)

22. Skryf jou antwoord in die oop spasie neer.

Een kind, maar baie \_\_\_\_\_.

(1)

**TOTAAL AFDELING A: 25**

## AFDELING B: TAALSTRUKTURE

23. Skryf die volgende sin korrek oor deur gebruik te maak van 'n komma en 'n hoofletter.

Leeus word gevind in Limpopo Gauteng en mpumalanga.

---

(2)

24. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

"Jy ... te klein om my te help," het die leeu gesê.

- A sou
- B sal
- C wil
- D is

(1)

25. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Die leeu het wakker geword en die muis gevang.

In die sin is "leeu" die ...

- A onderwerp.
- B voorwerp.
- C bywoord.
- D werkwoord.

(1)

26. Voltooi die sin.

Kies die korrekte voornaamwoord uit die onderstaande tabel. Skryf jou antwoord in die oop spasie.

sy	haar	hom
----	------	-----

Die leeu het die muis met \_\_\_\_\_ groot poot gevang. (1)

27. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

'n Groot leeu het in die son geslaap.

"Groot" is 'n voorbeeld van ...

- A 'n byvoeglike naamwoord.
- B 'n bywoord.
- C 'n werkwoord.
- D 'n selfstandige naamwoord.

(1)

28. Skryf die antwoorde in die oop spasie.
- 28.1 Een leeu, maar baie \_\_\_\_\_ . (1)
- 28.2 Die teenoorgestelde geslag van “vader” is \_\_\_\_\_ . (1)
29. Skryf die volgende sin in die toekomende tyd oor:
- Die verspotte muis hardloop oor die leeu se neus.
- Môre \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ . (1)
30. Onderstreep die korrekte vorm van die werkwoord tussen hakies.
- Die jong leeu (is, sal) besig wees om die haas te eet. (1)
31. Omkring die letter van die korrekte antwoord.
- TV is die afkorting vir ...
- A telegram.  
B televisie.  
C telefoon.  
D telegraaf. (1)

32. Verander die woord “moontlik” deur 'n voorvoegsel by te voeg.


on-	he-	her-
-----	-----	------

\_\_\_\_\_moontlik

(1)

Lees die gedig en beantwoord vraag 34–35.

### Ek is jou beste vriend!



Ek het vier bene en 'n stert	1
Twee ore, twee oë, 'n neus en 'n mond	2
En snorbaarde mooi rond	3
Ek is lojaal en liefdevol	4
Sterk en braaf.	5
Ek kom wanneer jy roer of roep	6
En kry jou bal.	7
Ek is jou beste vriend!	8

33. Skryf 'n woord in die oop spasie.

“rond” rym met \_\_\_\_\_.

(1)

34. Watter **twee** woorde in reël 6 begin met dieselfde klank?

\_\_\_\_\_ en \_\_\_\_\_

(1)

**TOTAAL AFDELING B: 15**





<b>Puntetoekenning vir vraag 35</b>		
<b>Kriteria</b>	<b>Totaal</b>	<b>Leerder se punt</b>
35.1 Korrekte getal sinne	2	
35.2 Spelling en punktuasie	2	
35.3 Sinskonstruksie en taalgebruik	2	
35.4 Inhoud	2	
35.5 Oorspronklikheid	2	
<b>Totaal</b>	<b>10</b>	